**Maandag 1 Februarie**

**Skrifgedeelte: Daniël 9:1-19; HK Sondag 5, Vraag 12**
**Fokusgedeelte: Daniël 9:4, 5, 11**

## Ons verdien God se straf

In die aangehaalde woorde van Daniël hierbo, trouens, in sy hele gebed, kry ons 'n hartroerende skuldbelydenis. Hy is konkreet en hy noem Israel se sondes by die naam. Hy erken dat hulle God se straf oor hulle sondes ten volle verdien.

Wat 'n mens hier besonder tref, is dat Daniël hom solidêr één voel met sy volk in hulle skuld en sonde. Hy sê nie dat die rede vir hulle ellende in die ballingskap by hierdie of daardie persoon gesoek moet word en dat hy nie daarvoor aanspreeklik is nie. Nee, hy praat van *ons*. Hy sluit homself ten volle daarby in. Hy noem wel die konings, die leiers en die familiehoofde, maar noem dan ook die hele bevolking en hy is 'n lid van daardie volk.

Dit moet ons ook in ons skuldbelydenis doen. Ons moet nie die skuld net op Adam en Eva plaas nie, maar besef dat ons ook voor God aanspreeklik is. Ons belydenis praat tereg ook van *ons* wat God se straf verdien.

Die feit dat Daniël egter so van *ons sondes* praat, het nog 'n verdere betekenis. Daniël sê nie dat die skuld van sy volk se ellende op Babel met sy gewelddadige optrede gepak moet word nie. Nee, sê hy, die skuld lê by *ons* Ons was ongehoorsaam en goddeloos en opstandig. Ons het deur ons sondes God se regverdige straf oor ons gebring.

Die kern van die saak lê egter nog dieper. Ons moet immers nie net bely dat ons self God se straf oor ons sondes oor ons gebring het nie, *maar dat ons God daardeur oneer aangedoen het* Dit moet vir ons die verskriklikste wees, en dit moet vir ons die vernaamste rede tot skuldbelydenis wees en ook vir die erkenning dat ons God se straf verdien het. Ons het Hom geminag en verag. Ons het die eer van sy Naam geskend. Dit is die eintlike rede vir Daniël se pyn en leed en dit moet ook die diepste rede vir ons berou en skuldbelydenis wees.

Daniël het God se saak tot sy saak gemaak. Daarom verootmoedig hy hom en bely hy sy sondes en sy volk se sondes.

Dit moet ons ook elke dag doen. Ons moet God se saak tot ons saak maak, omdat Hy in sy ootmoedige, neerbuigende liefde in Christus ons saak tot sy saak gemaak het. In Christus het Hy Hom oor ons ontferm. Hy red ons van sonde en bewerk vir ons die ewige vreugde en saligheid. So ontvang ons volkome vergewing van ons sondes (Dan. 9:19).